



Hierdie boek is die verhaal van die oudste dogter van die man bekend as die “Springs-monster”. Sy het die uitgewers uitdruklik toestemming gegee om haar naam, van en foto te gebruik, omdat sy haar storie wil gebruik om ander te bemagtig. Weens die feit dat haar sibbe nog minderjarig is en hul identiteit kragtens die Kinderwet beskerm moet word, word slegs haar voornaam egter bekendgemaak: Yulandi.

# Huis van gruwels

My 16 jaar in die Springs-hel

soos vertel aan  
**Susan Cilliers**

LAPA Uitgewers  
[www.lapa.co.za](http://www.lapa.co.za)

© Teks: Susan Cilliers 2019  
© Publikasie: LAPA Uitgewers (Edms.) Bpk.  
Bosmanstraat 380, Pretoria  
Tel: 012 401 0700  
E-pos: lapa@lapa.co.za

Geset in 12.5 op 17.8 pt Baskerville Win95BT  
deur LAPA Uitgewers  
Opdraggewende redakteur: Marida Fitzpatrick  
Teksredakteur: Marietjie van Rooyen  
Voorbladfoto's: Felix Dlangamandla/Netwerk24  
Agterbladfoto van Landi: Herman Verwey  
Omslagontwerp: Ian Dennewill  
Gedruk en gebind deur Novus Print,  
'n Novus Holdings-maatskappy

Eerste uitgawe, eerste druk 2019  
Eerste uitgawe, tweede druk 2019  
Eerste uitgawe, derde druk 2019

ISBN 978-0-7993-9333-0 (gedrukte boek)  
ISBN 978-0-7993-9334-7 (ePub)  
ISBN 978-0-7993-9335-4 (mobi)


© Alle regte voorbehou. Geen gedeelte van hierdie boek mag op enige manier gereproduseer word sonder die skriftelike toestemming van die kopiereghouers nie.

## Inhoud


<b>Huisuitleg</b>	<b>vi</b>
<b>Proloog</b>	<b>viii</b>
“Peaches”	1
Onheilsklok	8
In die middel	15
Scream	23
Nanno	32
Marteltegnieke	41
My pa is in tamatiekonfyt	47
Menslike hangmat	53
Speelgoed	56
Skopskoen	62
Ek word prooi	68
Ontsnapping	77
Die net span	85
Afrekening	97
Tyd heel	119
Die toekoms wink	131
Epiloog	138
Bronnelys	142
Erkennings	147

# Huisuitleg

## Boonste verdieping



## Grondvloer



“Die elfjarige seun se hulpkreet het ’n einde gebring aan jare lange marteling in die huis. Sy pa het bevrediging daaruit geput om sy kinders te martel, hy wil sy omgewing tot op ’n patologiese vlak beheer en het ’n behoefte om te domineer. Al vyf die kinders is erg verwaarloos en moes oorleef in ’n vieslike, vuil huis waar die rotte rondgehard-loop het. Geen kind doen aansoek om gebore te word nie. Dit is die plig van elke ouer om sy of haar kinders te versorg, vertroetel en te koester.

“Nie een van hierdie kinders is versorg nie.” – Regter Eben Jordaan, Augustus 2018.

# Proloog

**D**is 'n gewone wintersdag in 2014. Motors woerts in 'n besige straat in Springs verby 'n groot dubbelverdiepinghuis. Van buite af lyk alles doodgewoon voorstedelik, maar agter die baksteenmure en diefwering is vyf kinders alleen aan hul lot oorgelaat.

Hul jammerlike lot sou mense wêreldwyd in beroering bring.

Die kinders se pa is reeds weg na sy onderneming waar hy motors verkoop, hul ma is soos gewoonlik saam met hom. Die pa verkoop ook skroot uit die erf. Nie een van die kinders gaan skool nie; hulle is gevangenes in die huis.

Die sestienjarige Landi, die oudste van die kinders, is aan stuur van die huishouding. Haar boetie help soms om die enorme huis met agt slaapkamers en verskeie badkamers skoon te maak en die wasgoed te was. Dis egter meestal die skraal blondekoptiener wat die ander drie kinders versorg. Hulle is almal jonger as vyf jaar. Jaarin en



jaaruit moet sy toesien dat hulle eet, bad, aantrek en toilet-slim opgevoed word. Om die honger mondjies te voer is 'n daaglikse stryd. Meestal is daar te min kos en soms niks – dan leef die kinders net van water. Landi kook gewoonlik kitsnoedels in 'n groot pot. Nou en dan maak die kinders se ma miskien pasta of 'n Sondagmaal.

Wanneer die kinders se pa nie tevrede is met die kos wat voorberei is nie, gooi hy dit teen die muur. Hy koop gereeld wegneemetes, maar wanneer hy kwaad vir die kinders is, kry hulle niks nie en eet hy alleen.<sup>1</sup> Van vrugte en groente is daar nie sprake nie.

'n Bejaarde man, een van die huurders op die groot erf, gaan koop partykeer vir die kinders kos soos maalvleis en macaroni. Selde doen hul ouers self inkopies. Landi weet nie eens waar die plaaslike Spar is nie. Indien die ouers wel soms geld vir kos vir die kinders los, vra Landi die man op hul erf om heel eerste melk en doeke vir die kleiner kinders te koop.

Die roetine in die groot huis is eentonig en verstikkend, maar naweke is daar soms 'n bietjie afwisseling wanneer die gesin vleis braai en na musiek soos country en hip-hop luister. Die kinders se pa maak af en toe musiek op sy elektroniese sleutelbord, kitaar en dromme in die sitkamer. Hy kan nie regtig goed speel nie, hy tokkel maar net vir die lekker.

Gedurende die week sit die kinders egter meestal voor die televisie rond terwyl Landi vir hulle probeer sorg. Hulle kyk kinderprogramme en animasiefieks op die groot televisieskerm, maar nooit na die nuus nie.<sup>2</sup> In hierdie skemerwêreld is speelgoed, 'n gestruktureerde opvoeding en selfs



godsdienstbeoefening afwesig.<sup>3</sup> En behoede jou as jy te lank sit of jou voete dalk op die tafel kruis, want die kinders se pa het nie minder nie as sewe-en-dertig kameras in en om die huis geïnstalleer.<sup>4</sup> Wanneer hy en die kinders se ma van sy werk af terugkom, sal die pa dalk op die televisie in die ouers se kamer na die opnames gaan kyk. Naweke sal hy die opnames dikwels ook fynkam op soek na moontlike oortredings. Sien hy iets raak wat hom nie aanstaan nie, praat die vuis of rottang. Ook sy vrou word nie ontsien die enkele kere wat sy wel vir die kinders sou intree nie.

Landi se pa bring soms vir haar administratiewe werk van sy kantoor af huis toe om te doen. Haar ma is glo “te onnosel” om dit te doen.<sup>5</sup>

Die kinders leef in ’n siek grootmensewêreld waar dwelms, prostitusie en pornografie deel van die alledaagse lewe is. Dié roetine herhaal hom daagliks terwyl talle huurders in buitekamers, houthuisies en woonwaens op die groot erf óf niksvermoedend is, óf anderpad kyk.<sup>6</sup> Want die groot, fris man voer nie net ’n skrikbewind onder sy vrou en kinders nie.<sup>i</sup> Die beheervraat en sadis boesem ook vrees by buitestanders in. Sy woord is wet, nie die geringste teenstand of enige vrae word geduld nie.<sup>ii</sup> Vir die kinders vertel hy daar is monsters en slegte mense daar buite.<sup>7</sup> En dit is ook

- 
- i Dr. Pixie du Toit, ’n forensiese kriminoloog, het tydens die hofsak in ’n verslag oor die ma getuig die hele gesin het die pa gevrees omdat sy gedrag onvoorspelbaar was, luidens ’n berig deur Jeanne-Marié Versluis op 7 November 2016 op Netwerk24.
- ii Hy kon met die kameras elke uithoek van die erf sien en wat almal doen. Die huurders was almal bang vir hom, het Jolene Fouché, ’n maatskaplike hulpwerker wat betrokke was by die verwydering van die kinders, in ’n onderhoud op 12 Desember 2018 gesê.



hoekom hulle nie skool toe mag gaan nie – om hulle teen die “monsters” daar buite te beskerm.<sup>8</sup>

Die enigste monster teenwoordig, is egter die hoof van die huis, hul pa.





# 1

## “Peaches”

My naam is Yulandi. Ek is op 19 Februarie 1998 in Springs gebore as die oudste van vyf kinders. My vriende en familie noem my Landi. Toe ek nog klein was, het ons baie rondgetrek omdat my pa nooit 'n vaste werk gehad het nie. Pa is 'n sterk, fris geboude donkerkopman. My ma is stil, maer en verskrik. My oudste boetie is 'n hele paar jaar jonger as ek. In daardie beginjare toe dit nog net ek, Pa, Ma en my oudste boetie was, het ons meestal in 'n woonwa rondgetoer. In 'n stadium het ons woonwa op Richardsbaai (KwaZulu-Natal) gestaan. Die vroegste wat ek regtig kan onthou, is van toe ek op laerskool was en ons op Tzaneen (Limpopo) gewoon het. Daar het ons woonwa in 'n jaart gestaan van 'n oom vir wie Pa gewerk het.

Tzaneen is die laaste plek waar ek skoolgegaan het. Ek het graad 3 daar gedruip en nooit weer skool toe gegaan nie. Eintlik was dit nie vir my 'n major thing nie, want ek het in elk geval gedruip en was buitendien toe te klein om die gevolge daarvan te verstaan.



Al het ons baie rondgetrek, was die Oos-Rand (in Gauteng) ons ankerplek waar ons met tussenposes gewoon het. Pa is daar gebore en sy kinderlewe was moeilik, en dit was of sy verlede hom bly intrek, asof hier die een of ander miserabele stroom onder die grond loop. Vanaf Tzaneen is ons eers weer na Durban voordat ons terug is Springs toe. Hier het ons vir omtrent 'n jaar in ons woon-wa in 'n familielid se jaart gewoon, voordat ons eindelijk na ons eie huisie in Springs getrek het. My twee jonger sussies is albei ná 2009 gebore. Kort daarna het ons verhuis na die groot dubbelverdiepinghuis in Springs. Ons jongste boetie is 'n paar jaar later daar gebore en is baie jonger as ek. Ek is nie seker hoe Pa die groot huis kon bekostig nie. Ek skat hy het genoeg geld verdien uit die motors wat hy verkoop het en die scrap wat hy sommer daar uit die jaart verkoop het. Pa het sy inkomste verder aangevul met huurders en deur met dwelms handel te dryf.

Partykeer het ons ma en pa 'n week of twee alleen saam met hul vriende vakansie by die see gaan hou. Dan het hulle vir al vyf ons kinders tesame so R50 per dag gelos. Daaruit moes ons alles betaal, van kos en doeke tot medisyne.

Nogtans was ons bly wanneer ons ouers nie daar was nie. Ons was lekker vry omdat ons dan nie bekommerd hoef te wees dat Pa ons sou slaan of met ons baklei omdat die huis nie skoon genoeg is nie.

Partykeer sou Ma en Pa skielik op 'n dag besluit dis nodig dat iemand toesig oor ons hou, want 'n ouer man het ons dan opgepas terwyl hulle weg is. Wanneer hulle van die see

af teruggekom het, was daar nooit presente vir ons nie – net foto's op hul fone waarmee hulle by ons gespog het om te wys hoe lekker dit sonder ons by die see was.

Ek onthou van net een keer, toe ek omtrent so veertien was, wat ek en my oudste boetie saam met ons ouers see toe was. 'n Tannie van ons het die drie jongste kinders by die huis opgepas terwyl ons vir omtrent 'n week Suidkus toe gegaan het. Ons het 'n huis daar gaan soek omdat Pa dit oorweeg het om soontoe te verhuis. Ons het by 'n niggie van Pa gewoon en is nou en dan strand toe. Pa het ons nie voor die ander familieleden mishandel nie, net wanneer ons alleen was.

Eendag het hy kwaad geword terwyl ons ry omdat hy nie 'n vurk vir sy slaptjips gehad het nie. Toe stop hy langs die pad en klap my en my boetie deur ons gesigte. Hy pluk my boetie toe uit die [Hilux]-bakkie en ry net weer ...

My boetie moes hardloop so al wat hy kan om weer op die kar te kon spring.

Nuwe klere was vir ons 'n luukse wat ons net soms met Kersfees en verjaardae beskore was. Partykeer het die familieleden iets gestuur. Ek en Ma het dieselfde klere gedra – meestal karige uitrustings wat – dit besef ek nou eers! – heeltemal onvanpas vir my in daardie stadium van my lewe was. Die kleiner kinders het partykeer tweedehandse klere by van die huurders gekry.

Medisyne was 'n luukse wat ons net gekry het wanneer ons werklik baie siek was. Pa het Ma verbied om ons ooit vir mediese sorg te neem. Die oom wat soms vir ons gaan



kos koop het, het ook by geleentheid die nodigste medisyne gaan kry. Ma-hulle wou nie altyd geld gee vir medisyne nie, dan het ek dit uit een van hul beursies gesteel en die oom gevra om sommer medisyne te gaan koop wanneer hy kos koop.

Ek móés dit net vir ons kinders doen.

Die gebrek aan mediese sorg en ons swak eetgewoontes het veroorsaak dat omtrent al ons kinders tandbederf gehad het. Ek en my oudste boetie het eers nadat ons in 2014 verwyder is, ingrypende tandheekkundige behandeling gekry om ons verrotte tande te herstel en vervang. Vroeër het ek gereeld tandpyn gekry. Meestal is dit met naeltjie-olie behandel, maar ek was darem seker so drie kere by die tandarts om 'n verrotte tand te laat trek.

Pa en Ma se dwelmgebruik in ons huis het gepaardgegaan met prostitusie, pornografie en siek seks. Van kerk was daar nie sprake nie. Ek onthou net dat ek as klein dogtertjie saam met ander familieledes kerk toe is. Van die Here en die Bybel het ek net gehoor, maar nooit self gebid of Bybel gelees nie.

In die huis het ek partykeer met Hom gepraat en Hom gevra om my net weg te vat, want ek wou liewers dood wees.

Binne-in ons abnormale, skeefgetrekte wêreld, was daar ook oomblikke van normaliteit. Ons hond Brakkenjan was een wat daarvoor gesorg het. Hy was my beste (en enigste) speelding. Ons was gek oor die hond met sy wollerige wit-en-swart pels. Brakkenjan het dit miskien nie besef nie, maar hy was saam met ons 'n gevangene in die huis. Met





een verskil, hy is versorg. Ek en my oudste boetie het Brakkenjan gewas en nou en dan vir hom klere aangetrek. Hy het in ons bed geslaap en was deel van die familie. Ons kinders het na hom omgesien en hom gevoer met oorskiet wat in die huis was. Van gekoopte hondkos was daar nie sprake nie.

Brakkenjan moes soms ook onder Pa se tirades deurloop. Ek onthou hoe hy hom geskop het wanneer hy in die pad was, dan het die arme hond getjank en weggehardloop. Maar partykeer was Pa ook liefdevol met Brakkenjan, dan sou hy by Ma en Pa slaap. Ons het altyd gedink Pa is liewer vir die hond as vir ons omdat hy meer aandag aan hom as aan ons gegee het.

Ek weet nie waar Brakkenjan nou is nie, dis baie hartseer ...

Van verjaardae is daar nooit 'n ophef in ons huis gemaak nie. As ons gelukkig was, sou ons miskien vroegoggend gelukgewens word. Net by uitsondering was daar 'n koek en die kans op 'n geskenk was ewe skraal. Ek en my boeties en sussies het nooit iets soos 'n verjaardagpartytjie met die gejl van maatjies beleef nie, nooit met ballonne en 'n oorvloed lekkernye baljaar nie.

Op my laaste verjaardag in die Springs-huis, in Februarie 2014 toe ek sestien geword het, moes ek heeldag na my jonger boetie en sussies kyk terwyl Ma en Pa geslaap het. En toe die verrassing – ons hele gesin gaan eet daardie aand in die Spur. En daar gee Pa vir my 'n Smart-karretjie present!

Maar soos gewoonlik was hier 'n ironiese kinkel. Omdat ek nog nie 'n rybewys gehad het nie, kon ek net 'n bietjie

in die jaart rondry. Die gebruiklike teleurstelling het gou gekom, want net 'n maand nadat Pa die karretjie se sleutel in my hand gesit het, het hy dit verkoop.

Hy het die tweedehandse swart-en-wit karretjie seker kontant gekoop deur sy kontakte by sy motorbesigheid, maar kort voor lank weer geld nodig gekry en dit daarom verkoop. Sy inkomste uit sy verskillende “besighede” was wisselvallig.

Ek was baie hartseer.

Die gewelddadige, gespanne omgewing waarin ons daaglik geleef het, het veral my en my oudste boetie se verhouding beïnvloed. Dikwels het ek teenoor my boetie gereageer omdat ek te bang was om dit teenoor Ma of Pa te doen. Ons het rof baklei, maar ek het nooit my hand teenoor my jonger boetie en sussies gelig nie. Wanneer ek vir die jonger kinders kwaad geword het, het ek my oudste boetie gevra om net vyf minute of so na hulle te kyk. Dan moes ek net vir 'n rukkie van hulle wegkom tot ek beter gevoel het en kon teruggaan.

Ons kinders het nie baie kontak met die res van die familie gehad nie, want ons het bykans nooit vir hulle gaan kuier nie en die familie het selde by ons gekom. Ons het ook nie eintlik maatjies gehad wat kom kuier het nie. Ek onthou net van een of twee keer wat 'n vriendin by my oorgeslaap het, maar sy was soort van deel van ons binnekring omdat haar oupa 'n huis in ons jaart gehuur het. 'n Familielid met kinders wat min of meer so oud soos ek was, het in 'n stadium gereeld kom kuier, maar dit het opgehou nadat hy en Pa stry gekry het.

Soggens moes ons in die huis bly sodat mense nie agterkom ons gaan nie skool nie.<sup>i</sup> Ons moes gereeld oefen vir wat ons moes doen wanneer mense in skooltyd by die huis opgedaag het. Pa was natuurlik bang iemand praat uit en dat die polisie dalk by die huis sou aankom en sien ons is nie in die skool nie. As dit sou gebeur, moes ons in die spaarkamer onder die bed gaan wegkruip. Pa het ons die kodewoord “peaches” leer gebruik. Wanneer hy of enigiemand anders dit geskree het, was dit die teken dat ons onder die groot bed in die spaarkamer moes gaan wegkruip.

Al vyf van ons in ’n ry, en ek moes die kleintjies stilhou.

Partykeer het Pa kamers in ons huis uitverhuur omdat hy nie alleen die R16 000 maandelikse huurgeld vir die huis kon bekostig nie. Ek weet nie of hy toestemming by die eienaar van die huis gehad het om dit te doen nie en of hy gevra het of hy maar kameras daar mag installeer nie. Van die mure waaragter die huurders was, het Pa laat toe-bou sodat hulle nie in die huis kon kom nie.

Hy het sy bes gedoen om wat hy doen vir ander mense weg te steek.

Later het hy ook mense betaal wat saans en soggens wag gestaan het by ons buitenste hek. Hulle het afstandradio’s gehad waarmee hulle met Pa gekommunikeer het.

Ek het min tyd in die huis saam met Ma deurgebring. Terwyl sy so te sê afwesig in ons kinders se lewens was, kon ek nie met haar of ons humeurige pa oor enigiets praat nie.

---

i Jolene Fouché, maatskaplike hulpwerker by Springs Kindersorg, het in ’n persoonlike onderhoud in Desember 2018 beaam die pa het homself “goed beskerm” deur te sorg dat die kinders nie smiddae buite speel nie. “Daar was mense wat nie eens geweet het hy het kinders nie.”